Ps. 68:1 IV **Die Kerk van [d.d. Slaap] Naamchristene** Auk. 8 Okt. 1961
Ges. 60:1,2.
Ges. 156:6

Openb. 3:1-6
(Sardis)

Op. 3:1 – Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.

So begin hierdie brief – in teenstelling met die ander 4 briewe tot dusver – sonder enige woord van bemoediging of aanbeveling: met 'n skerp veroordeling as teken dat waar by die ander gemeentes die kwaad die uitsondering was dit hier die reël geword het.

Die brief word baie beter begryp as ons ~~begryp~~ onthou dat ons hier 'n gemeente het geplant in 'n stad wat grootsheid en glorie geken het – 'n stad van rykdom en aansien wat uiteindelik vergaan het. Een v.d. interessantste nr. ook een v.d. mees tragiese geskiedenisse van alle tye. Sardis: 'n stad gebou op 'n 1500' hoë uitstaande bergrif – byna oninneembaar, die groot wagtoring wat die Hermesvallei beskerm het. En tog is die stad 2-maal ingeneem ~~jus~~ deur soldate van magte wat die stad beleër het – juis omdat die inwoners so seker was van hulle veiligheid dat hulle nie gewaak het nie. 'n Stad met so 'n verlede het baie goed begryp wat die opgestane Christus bedoel as Hy sê: „As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief"

Toe Johannes hd. brief aan Sardis geskryf het, was Sardis ryk maar verrot. Die inwoners se hele lewe was een van agteruitgang en verbrokkeling. En in hd. gees het d. Kerk ook sy lewenskrag en sy slaankrag verloor.

Geen vervolging, geen afgodery, geen kettery – geen teenstand of stryd → 'n Kerk in 'n sterwenslaap!

Christus se S/Aankondiging: (vs. 1) „Christus stel H/s voor a.d. gemeente as Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het; dus as die Here wat kom in volheid van lewe en krag (die 7 Geeste = H.G. in al sy volheid) en wat die hele kerk, elke voorganger en gemeente in sy hand het. Dis asof Hy die gemeente wil waarsku en opskerp as Hy sê: „Die volheid van lewe en v.d. bediening is tot die gemeente se beskikking — hoe kan julle dan so voortgaan?"

Christus se Aanklag: „Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy lewe en jy is dood."

Hier was dus 'n gemeente aan die brand — ja, aan die brand: aktief, besig, organisasie puik; dienste goed bygewoon, vergaderings om alles te reël, bydraes seker hoër as enige ander s'n. Alles was daar wat die buitestaander kon bewonder — maar niks wat Christus kon bevredig. W/om? Wat was verkeerd? Vers 2 gee die antwoord: „Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie" Die gebede was daar, die gesange, die games — maar niks is vervul, verwerklik, niks vir die ewigheid verkry nie. Daar was baie uiterlikheid, volle aktiwiteit — maar nie 'n groei in heiligmaking, nie die liefde wat hulle gebind het, nie die kommer om verlorengaande siele nie. Hulle was angstig ja — maar meer angstig oor hulle reputasie in Sardis as in die hemel. Meer bekommerd oor wat ander kerke van hulle gedink het as wat die Hoof v.d. Kerk gedink het!

D/om sê Xtus het julle die naam dat julle lewe en julle is dood: die gemeente van die naamchristene!

Wanneer het 'n christen en 'n gemeente by daardie punt gekom dat Christus vir jou sê: Jy het die naam dat jy lewe en jy is dood? Weet u wanneer?

- Wanneer 'n erediens 'n mensl. gewoonte geword het i.p.v. 'n godd. behoefte
- Wanneer ~~mense dit het aan die~~ 'n kerk sy Doop en die Nagmaal aanvaar as ~~uit~~ tradisie i.p.v. uit trou aan Christus
- Wanneer 'n kerk hom meer bekommer oor sy reputasie voor mense as sy roeping voor God
- Wanneer uiterlike vorm meer begin tel as innerlike lewe — dan dink 'n kerk dat hy lewe, terwyl hy dood is!

Nou juis d/een is dit nodig om te vra, baie dringend te vra: W/neer lewe 'n kerk?

(1) Wanneer 'n kerk die volle raad van God verkondig: Die volle waarheid v.d. Woord — die eis van Christus oor die hele mens, oor al die terreine van sy lewe. Niks terughou net omdat dit mense seermaak of raak — of uit gevaar dat dit kan lei tot botsing of vervolging of vernedering.

(2) Wanneer 'n kerk groei deur innerlike geestelike krag: Groei deur bekeringe — mense wie se lewens gedurig verander:

Is dit nie ook van ons Kerk waar, dat ons te fatsoenlik geword het om nie bekeerlinge te glo nie? Vgl. werk van sektes (v.d Merwe: "'n 11 jaar ~~(3)~~ in hd. omgewing: nog nooit iemand met my oor my siel gepraat nie ~~tot~~ hd. mense gekom het nie!")

(3) 'n Kerk wat ~~?~~ 'n hart het: Erbarming en ontferming beoefen, 'n Kerk wat 'n hawe is vir die verstotene, 'n troste vir d. tollenaar. Die Kerk wat nie plek het vir d. eenvoudige, die min gerekende – ongeletterde, die veragte, is geen Kerk nie. Voel sulke mense as hulle hier inkom, by ons tuis?

(4) 'n Kerk wat eenheid soek: Waar twis & tweedrag heers, waar skeiding & skeuring dreig, waar wantroue en agterdog geduld word – daar kan geen Kerk groei en lewe nie. Dis altyd ~~die~~ tekens van die dood. Dit wil nie sê dat daar nooit verskille moet wees nie – inteendeel: dis juis uit gesonde verskil van mening dat dieper eenheid kom – mits die Gees v God die harte van lidmate beheers! Maar die bede, die verlange, die rigting [soeke] v.d. Kerk moet steeds wees een van ware ~~dieper~~ eenheid in die liggaam van Christus. En waar dit ~~...~~ tot uiting kom daar leef die Kerk!

Slot: ① Raad: „Versterk dié wat oorbly wat op d. punt staan om te sterwe"

② Waarskuwing: Word wakker!

③ Belofte: Wit klere – Ek sal sy naam bely!